Plak asseblief die strepieskode-etiket hier

PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER													

Tyd: 2 uur | 100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye, 'n Inligtingsboekie van 7 bladsye (i–vii) en 'n Formuleblad van 1 bladsy (i). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Lees die vrae noukeurig deur.
3. Beantwoord die vrae in die ruimte wat voorsien word.
4. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
5. Jy mag **nie** groen of rooi ink gebruik nie. **Jy mag 'n potlood gebruik, maar gebruik asseblief 'n sagte, donker potlood.**
6. Alle berekeninge moet tot **twee desimale plekke** afgerond word.
7. Die puntetoekenning en die toepaslike tyd wat vir elke vraag geneem moet word, is soos volg:

	Moontlike punte	Werklike punte	Nasiener se handtekening	Moderator se handtekening
Vraag 1: Begrotings (41 minute)	**34**			
Vraag 2: Maatskappyontleding (56 minute)	**47**			
Vraag 3: Versoenings (23 minute)	**19**			
TOTAAL	**100**			

IEB Copyright © 2022

VRAAG 1 BEGROTINGS [34 punte; 41 minute]

1.1 Voltooi die Krediteurebetalingskedule hieronder aangaande Ink Solution.

Krediteurebetalingskedule vir November 2022

	Ink- en inkpoeier-koste vir die maand	**November**
Augustus 2022	*	*
September 2022	*	2 646
Oktober 2022	11 000	*
		10 446

(4)

1.2 Voltooi die kontantbegroting vir November 2022. Toon jou berekeninge.

Kontantbegroting van Relax 'n Rent vir November 2022

Ontvangste	258 920
Masjienhuurinkomste	144 000
Inkomste per bladsy	114 920
Betalings	Moenie bereken nie
Krediteurebetaling: Ink Solution	10 446
Krediteurebetaling: Copy Ink Ltd vir die ou toerusting	*
Krediteurebetaling: Copy Ink Ltd vir die nuwe toerusting	26 950
Tegnikuskoste	*
Water en elektrisiteit	*
Salaris: Sihle Bhengu	50 000
Salaris: Mev. Bhengu	*
Telefoonkoste en Wi-Fi	Moenie bereken nie
Kantoorvoorraadaankope	*
Skenkings	*
Kontantsurplus/-tekort	100 734
Saldo aan die begin van die maand	379 020
Saldo aan die einde van die maand	479 754

(11)

IEB Copyright © 2022

1.3 1.3.1 Gebruik die staat van Copy Ink Ltd en voltooi die ekwiteit en laste-deel van die Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Oktober 2022.

Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Oktober 2022

EKWITEIT EN LASTE **Aandeelhouersbelang**	436 320
Nie-bedryfslaste: Copy Ink Ltd	*
Bedryfslaste	Moenie bereken nie
Ink Solution	6 020
Copy Ink Ltd	*
Totale ekwiteit en laste	Moenie bereken nie

(2)

1.3.2 Noem die AARP-beginsel wat dikteer watter syfer uit die staat van Copy Ink Ltd jy gebruik het om die lasteafdeling hierbo te voltooi.

_____

(1)

1.4 Bereken die koste van die nuwe toerusting.

(3)

1.5 1.5.1 Bereken die skuld:ekwiteit-verhouding op 1 November 2022 indien Relax 'n Rent die nuwe masjiene koop.

(3)

1.5.2 Dink jy **op grond van die skuld:ekwiteit-verhouding** wat in Vraag 1.5.1 bereken is dat Copy Ink Ltd die nuwe toerusting op krediet aan Relax 'n Rent moet verkoop?

_____

_____

(1)

1.5.3 Relax 'n Rent het 'n 200%-opbrengs op ekwiteit. Verduidelik waarom Relax 'n Rent so 'n hoë opbrengs op aandeelhouersbelang het.

_____

_____

(1)

1.5.4 Verduidelik afgesien van die hefboomfinansiering twee ander faktore waarna Copy Ink Ltd moet kyk voordat hulle nog krediet aan Relax 'n Rent verleen en verduidelik dan waarom jy Copy Ink Ltd sal aanraai om die nuwe toerusting aan hulle te verkoop/dit nie te doen nie.

- _____

  _____

- _____

  _____

Sal jy Copy Ink Ltd aanraai om die nuwe toerusting aan hulle te verkoop? Ja/Nee

_____

_____

_____

_____

(4)

1.6 Sihle het 'n vermoede dat een van die tegnici hom betaling vra om na ondernemings toe te gaan om die masjiene te versien of te herstel, maar nie werklik daarheen gaan nie. Hy eis vir werk wat hy nie gedoen het nie. Bespreek 'n beheermaatreël wat Sihle kan implementeer om te keer dat dit gebeur.

_____

_____

_____

(2)

1.7 Sihle het jou as eksterne ouditeur aangestel. Verduidelik in detail waarom jy sal toelaat, of nie sal toelaat nie, dat mev. Bhengu se salaris in die Staat van Omvattende Inkomste bly.

_____

_____

_____

_____

(2)

34

IEB Copyright © 2022

VRAAG 2 MAATSKAPPYONTLEDING [47 punte; 56 minute]

Bestudeer die inligting wat vir Italtile Ltd gegee word en beantwoord dan die volgende vrae:

2.1 In hul finansiële state het Italtile 'n sewejaaroorsig gepubliseer. Bespreek die waarde hiervan in vergelyking daarmee om net die laaste twee jaar te toon.

(2)

2.2 Bestudeer die sewejaaroorsig en beantwoord dan die volgende vrae:

2.2.1 Verduidelik waarom die winsgrens van jaar tot jaar skommel.

(1)

2.2.2 Bespreek of die direkteure gelukkig sal wees met die **2021** bruto wins en winsgrens. Motiveer met twee berekeninge.

(3)

2.2.3 Lewer kommentaar of Italtile se bedryfsuitgawes goed beheer word.

(2)

2.3 Italtile het 'n omvattende eiendomsportefeulje. Bespreek twee gedetailleerde voordele daarvan vir Italtile om die meeste van die eiendom waarop hul winkels en verspreidingsfasiliteite gebou is, te besit.

- _____

  _____

  _____

- _____

  _____

  _____

(4)

2.4 Verwys na die finansiële verhoudings wat gegee word en bereken die ontbrekende syfers in die **2020** Staat van Finansiële Posisie. Moenie die "?" bereken nie. Toon jou berekeninge in die blokke.

	Rm
A	
B	
C	
D	

(5)

2.5 2.5.1 Bereken die voorraadomsetsnelheid vir **2021** en skryf dan gedetailleerde kommentaar daaroor of dit 'n bevredigende koers vir Italtile sou wees.

_____

_____

_____

(5)

2.5.2 Die bedryfsverhouding het van 4,6 : 1 in 2019 tot 2,28 : 1 in 2021 afgeneem. Verduidelik deur 'n rede te verskaf of dit 'n verbetering is of nie.

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2022

2.6 2.6.1 Ontleed die kontantvloeibeweging wat in die sewejaaroorsig getoon word en verduidelik of dit 'n goeie of slegte manier is om hul kontant te hanteer.

(3)

2.6.2 Skryf twee voorbeelde neer van die beleggingsaktiwiteite wat Italtile het wat in die gevallestudie genoem word.

-
-

(2)

2.7 2.7.1 Bereken die opbrengs op aandeelhouersbelang vir **2021** en lewer dan kommentaar daaroor of die direkteure van Italtile gelukkig sou wees met die opbrengs.

(7)

2.7.2 Alhoewel die VPA 141 sent was, was die DPA slegs 106 sent. Bespreek of die aandeelhouers gelukkig sou wees met die 106 sent en of hulle 'n DPA van 141 sent moes ontvang het.

(2)

2.7.3 Verduidelik wat die netto batewaarde verteenwoordig en waarom die aandeleprys soveel hoër as dit is.

(2)

2.8 Lees die uittreksel uit die ouditeursverslag en beantwoord dan die volgende vrae:

2.8.1 Wat is die doel van die eksterne ouditeursverslag?

(1)

2.8.2 Skryf twee ouditbewyse neer wat hulle sou verkry het om die water-en-elektrisiteit-bedrag in die Staat van Omvattende Inkomste te verifieer.

(2)

2.9 Lees die uittreksel uit die verslag oor korporatiewe bestuur. Italtile word nie toegelaat om dit as een van hul korporatiewe sosialeverantwoordelikheid-programme te tel nie, aangesien hierdie programme volgens wet nie hul werknemers of dié se gesinne mag bevoordeel nie.

Verduidelik die verskil tussen korporatiewe bestuur en 'n korporatiewe sosialeverantwoordelikheid-program. Bespreek dan of Italtile tyd en aandag aan hul werknemerwelstandsprogram moet bestee indien dit nie as hul korporatiewe sosialeverantwoordelikheid-program tel nie.

(4)

47

IEB Copyright © 2022

VRAAG 3 VERSOENINGS [19 punte; 23 minute]

3.1 Verduidelik die belangrikheid van 'n Debiteure-ouderdomsontleding.

(2)

3.2 Gebruik die inligting in die Inligtingsboekie om regstellings in die Debiteure-ouderdomsontleding aan te bring. Die Debiteure-ouderdomsontleding hoef nie opgetel te word nie.

Foutiewe/onvolledige Debiteure-ouderdomsontleding wat op 31 Oktober 2022 opgestel is.

120 + dae	90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
16 000	3 500	89 400	120 350	92 680

(7)

3.3 In aansuiwering 1 is Kersvader se slee beskadig en dit het 'n probleem tussen Dazzling Designs en MegaSpend Mall veroorsaak. Jemma het besef dat iets soortgelyks weer kan gebeur by enigeen van die sentrums wat hulle versier. Bespreek wat sy kan doen om te voorkom dat dit in die toekoms 'n kwessie word.

(2)

3.4 3.4.1 'n Paar van Dazzling Designs se herhaal-kontantkliënte vra om rekeninge te open. Bespreek een rede waarom Jemma hulle moet toelaat om rekeninge te open of nie.

(1)

3.4.2 Indien Dazzling Designs vir hulle rekeninge sou open, skryf drie bepalings en voorwaardes neer wat Dazzling Designs in hul kontrakte moet insluit.

(3)

3.5 Vergelyk die staat van Authentic Wood met hul rekening in Dazzling Designs se Krediteuregrootboek. Gebruik die bykomende inligting om die Krediteure-versoeningstaat hieronder te voltooi.

	Krediteure-versoening
Foutiewe saldo	106 810
	Moenie bereken nie

(4)

19

Totaal: 100 punte

IEB Copyright © 2022